

Maan Dans

Verbind Deur Bloed Reeks
Boek Een



Translation: Afrikaans



AMY BLANKENSHIP, RK MELTON

Table of Contents

Proloog
Hoofstuk 01
Hoofstuk 02
Hoofstuk 03
Hoofstuk 04
Hoofstuk 05
Hoofstuk 06
Hoofstuk 07
Hoofstuk 08
Hoofstuk 09
Hoofstuk 10
Hoofstuk 11
Hoofstuk 12
Hoofstuk 13

Maan Dans
Verbind Deur Bloed Reeks – Boek Een

Amy Blankenship, RK Melton
Vertaler: Marlette Taljaard

Kopiereg © 2012 Amy Blankenship
Tweede Edisie Gepubliseer deur TekTime
Alle regte gereserveer

Hoofstuk 01

10 jaar later...

Harde musiek het ritmies uit die klub opgeklank terwyl die groot pers neon bord van kleure verander op die maat van die musiek. Die ligte gooi 'n onheilspellende glans op die gebou oorkant die straat. Op die dak van die gebou het 'n man met kort ligte blonde hare gestaan met een voet wat op die rant rus. Hy het vooroor geleun, met sy elmboog op sy knie, terwyl hy 'n sigaret rook.

Kane Tripp het sy kop effens gebuig en sy hand deur sy kort spyker hare getrek. Hy het gehaat om dit te sny en het die gevoel van sy lang hare wat sy rug streel gemis. Hy het die sigaret na sy lippe gelig, die rook diep ingetrek en gewet hy het baie dinge gemis, soos die sigarette wat hy gerook het voordat hy lewendig begrawe is.

Veertig lang jare terug was hy onkant gevang deur Malachi, die leier van 'n klein jaguar clan, en beskuldig daarvan dat hy die vormwisselaar se sielsgenoot vermoor het. Voor daardie nag, was Kane op goeie voet met die jaguars, en hulle leier was een van sy beste vriende. Kane se lip het dun geraak by die herinnering. Malachi het hom aangekla, veroordeel en gevonnissen in 'n gloed van woede.

Malachi het 'n towerspreuk uit die eerste boek wat Kane gedink het hy so sorgsaam versteek het, gebruik en hom ingebind met 'n vloek, nie in staat om te beweeg of praat nie ... nie eers om homself te verdedig nie. Toe het hy Kane se bloedsteen ooring gevat, die een wat hom toelaat om in die daglig te loop. Die bloedstene het lank gelede aan die eerste vampier, Syn, behoort.

Kane het een maal gevra hoe daar 'n eerste vampier kon wees en die antwoord het hom geskok.

Syn het alleen in hierdie wêreld ingekom, beseer en verhongers. 'n Jong man het hom gevind en uit pure hongerte, het Syn sy bloed gedrink. Die vampier het vinnig geleer dat die mense van hierdie wêreld brose skeppings was, wie se siel hulle verlaat wanneer hulle bloed deel, in die hoop om 'n gesin op hierdie planeet te begin. Maar wanneer hulle siele weg is, was hulle nutteloos vir hom en het eerder monsters geword.

Tydens sy eindelose lewe het Syn net drie mense gevind wat hulle siele behou het en sy kinders geword het. Die enigste verskil is dat wanneer hulle van vorm verander het, kon die son hulle brand ... en hulle en hulle monster gesinne, moes wegkruip van die son. Dit was nooit 'n probleem op Syn se planeet nie, as gevolg van die bloedsteen.

Die dik armbande wat Syn gedra het uit sy eie wêreld was gemaak van Bloedstene. Deur stukkies af te kap van een van die armbande, het hy hulle hervorm in 'n ring, 'n hangertjie en een ooring. Kane het weereens aan sy ooring in sy oor gevat.

Waar die bloedsteen hom 'n semi-normale lewe gegee het, was dit Syn se boek van towerspreuke wat tot Kane se val gelei het. Syn het dit gelos vir sy gekose een om wyslik te gebruik terwyl hy slaap. Daarin was die verdoemende towerspreuk, 'n manier om die siellose kinders dood te maak, sou hulle te groot 'n risiko raak vir die mensdom.

Omdat die verdoemende towerspreuk op hom gebruik is, kon Kane net kyk met donker oë wat glad nie knip nie terwyl sy voormalige vriend die swart grond bo-op hom gegooi het. Die laaste ding wat hy onthou was die sterreheemel bo die woud.

Die donkerte was drukkend en so stil. Die towerspreuk het hom gebonde gehou maar hy kon voel hoe dinge in die grond bo hom gly. Klein, lewendige wesens wat dit vermy het om sy ondoeie vlees te eet, maar onwetend aan sy siel geknaag het, het oor hom beweeg.

Soos tyd verby gegaan het, het hy gedink hy het vir seker mal geword en het hy begin om geluide te hoor so elke nou en dan.... stemme. Hulle was welkom in sy tronk en hy het verlang om meer te hoor. Soms het hy hele gesinne gehoor en ander kere net volwassenes.

By tye het hy probeer om die towerspreuk teen te werk, om te roep om hulp of selfs om net vir homself geselskap te wees. Die towerspel wat hom vasgehou het, het hom heeltemal kragteloos gelaat. Hy het die towerspreuk geken ... het dit gebruik op monsters. Dit was 'n komplekse stukkie towerkrag maar het die bloed van 'n geliefde benodig om hom vry te laat. 'n Towerspreuk van liefde so sterk dat net die slagoffer se sielsgenoot dit kon breek.

Dit het altyd gewerk met die siellose vampiere omdat hulle 'n siel moet hê om 'n sielsgenoot te kan soek. Hy het die towerspreuk meer as eenmaal

gebruik om ontslae te raak van sy demoniese moorddadige sibbe wat niks anders ken as bloedlus nie.

Kane het spytig gelag oor die spookagtige herinnering om te weet hy is gedoem... omdat hy nie 'n sielsgenoot gehad het nie. Ten minste, hy het nooit so 'n enigma teëgekome nie. En as hy dit gehad het, was dit onwaarskynlik dat sy sou oorstap na sy graf toe terwyl 'n bebloede Malachi so hartgebroke was ... hy het sy vrou so liefgehad dat hy wou hê Kane moet weet hoe diep hy haar liefhet en dan daarna verlang.

En hy het daarna verlang. Baie kere sou hy trane stort daaroor, gesmeek aan watter god ook al sal luister, om sy sielsgenoot na hom te stuur sodat hy kon vry wees. Het hy regtig sy maat se vrou vermoor, sou dit 'n goeie straf gewees het. Maar hy was onskuldig aan daardie daad.

Een aand, lank nadat hy alle hoop laat staan het.... het hy dit gehoor. Die duidelike klank van Malachi se brul het deur sy kranksinnige monoloog gebreek, gepaardgaande met 'n ander dierlike gil van woede. Toe, tot sy skok het hy die stem van 'n klein meisiekind gehoor direk bo hom om nie haar babahondjie seer te maak nie.

Die klank van haar klein, bang stemmetjie het iets binne hom gebreek, hom laat smag om vry te wees sodat hy haar kon beskerm teen die ondiere in die nag.

“Malachi sal nie jou klein hondjie seer maak nie, kleintjie,” het Kane in sy kop gefluister.

Dit was waar. Malachi sal niemand seermaak tensy hulle hom ernstig te na gekom het op 'n manier nie veral nie 'n kind nie. Met die wete dat sy vriend iewers bo hom is, het Kane 'n vonk lewe weer voel terugkom. Hy het kwaad geword toe die klein meisie weer gegil het en hy iets hard op die grond voel land het. Bloed.... hy ruik vars bloed wat hy deur die grond na hom voel deursyfer.

Dit was die welkomste ding wat al teëgekome het. Die reuk het sy gedagtes binnegedring en hom amper na groter hoogtes van kranksinnigheid gedryf, met die wete dat hy dit nie kon aanraak nie. Hy was so swak van so lank sonder 'n enkele slukkie dars tot die dood toe maar nooit sterwend. Dit was toe hy gevoel het een van sy vingers begin ruk.

Kane het gekonsentreer daarop en het dit wat oor was van sy verstand daarop toegespits om te probeer beweeg. Hy het die dae voel verbygaan, dit gebaseer op die hitte van die grond bo hom. Die reuk van vars bloed wat

hom nou omring word sy dryfveer. Uiteindelik, kon hy stadig sy arms beweeg en het stadig begin om homself uit sy eie graf te grawe.

Maar die dae het verbygegaan en toe sy hand uiteindelik die oppervlak breek, het hy letterlik trane van vreugde gehuil. Hy het homself uit die grond opgetrek en Kane het sy oë oopgemaak en opgekyk na die swart sterreheemel terwyl hy amper manies aan die lag gegaan het. Met 'n blik na die grond waaruit hy geklim het, het hy 'n stuk materiaal gesien met klein droë druppeltjies bloed daarop. Hy het dit opgetel en dit onder sy neus gehou. Daardie reuk van bloed het hom bevry.

Met die gedagte aan sy redder styf in sy vuus vasgeknyp, het hy die res van sy lyf uit die grond gelig. Malachi en die vormwisselaar wat regtig die jaguar se vrou vermoor het, het dood gelê 'n paar voet van sy graf af.

Hy het verby hulle gekyk na die woud met die wete dat die meisie lankal weg is, maar hy was oortuig sy was sy sielgenoot. Wie anders kon die towerspreuk wat Malachi oor hom uitgespreek het gebreek het?

Te swak om na die meisie te gaan soek, het Kane nader aan Malachi gekruip om liefderik aan die man se wang te raak. Terwyl hy die gesig na hom toe draai het alle asem Kane verlaat. Verwarring het hoogty gevier. Malachi het die bloedsteen gedra. Sy oorbel!

Woedend en met 'n beweging te vinnig om waar te neem, het Kane opgestaan met die oorbel in sy vuus. Met 'n laaste kyk na Nathaniel, die man wat hom laat skuldig lyk het, het Kane die donkerte soos 'n kleed om hom getrek en in die duisternis verdwyn.

Kane het die rook uitgeblaas en gekyk hoe die rook in die lug dryf en voor hom kom draai voor dit op die briesse wegwaai. Hy het die laaste tien jaar gereis van land tot land, kontinent tot kontinent en alles geleer wat hy tydens sy dertig jaar tronkstraf verloor het.

Hy het stadig sy kragte opgebou, en het begin by die klein wit Yorkie hondjie wat hy gevind het in 'n uitgeholde boomstam waar hy wegkruip in die woud. Dit was iemand se troeteldier en hy het sleg gevoel om so iets te doen, maar hy het nodig gehad om te eet en sy honger was sterker as sy skuld op die tydstip.

Eers nadat hy homself gevoed het, het hy besef die hondjie het behoort aan die kind wat hom bevry het. Met 'n ligte vonk lewe nog in die klein pels bal, het hy die enigste ding gedoen wat hy kon. Hy het sy eie gewrig

gebyt en 'n paar druppels bloed op die hondjie se pienk tongetjie laat val en toe die hondjie op die grond neergelê terwyl hy wonder wat op aarde hy besig is om te doen. Dit sal nooit werk nie, sal dit?

Sy het hom twee keer gered en dit nie eers geweet nie. Die herinnering aan haar bang stemmetjie het nog steeds die krag om hom uit sy diepste slaap te ruk. Hy het gewens hy kon haar sien net 'n vinnige blik saam met die stem wat hom jaag.

Hy het die klein halsbandjie uit sy sak gehaal en afgestaar na die been vormige plaatjie wat daaraan geheg is. Hy het geweet wat die familie naam is maar die adres daarop was nie meer reg nie... vir jare nie meer nie. Toe hy uiteindelik geleer het hoe 'n rekenaar werk het hy 'n soektog geloods maar die meisie se ouers is albei oorlede en die huis is verkoop. Die dogter, wat hy seker was is die een wat hom bevry het, het spoorloos verdwyn.

Kane het sy sigarette op die grond by sy linkervoet gegooi en daarop getrap. Nadat hy teruggekeer het na Los Angeles, het hy dadelik teruggegaan na die klub wat Malachi eens bestuur het en in gebly het, net om uit te vind dat dit verkoop is en dat sy kinders na 'n nuwe adres verhuis het. Die nuwe plek was eens niks anders as 'n verlate pakhuis nie, maar die jaguars het onlangs die plek herbou en dit verander in 'n nagklub om by die tye te pas. Malachi se kinders het nou die klub bestuur.

Hy het sy kop geskud terwyl hy wonder hoe Malachi weer kon trou, met die wete van hoeveel hy sy eerste vrou liefgehad het. Sy was sy sielsgenoot en selfs al was vormwisselaars bekend vir hulle seksuele drange, wanneer hulle eers hul sielsgenoot ontmoet het, was dit amper onmoontlik om weer 'n ander lief te kry.

Toe Kane dit nagevors het, het hy uitgevind dat Malachi se nuwe vrou hom vier kinders gegee het en toe gesterf het tydens die geboorte van hul jongste seun Nick.

Malachi is oorlede die nag wat hy die grom ondergronds gehoor het, maar Kane het nog steeds die wraak in hom voel groei. Amper alle vampiere word gebore in die donker en miskien was Syn verkeerd oor die feit dat hy soveel anders is as sy bouse sibbe. Miskien het die verloor van sy verstand oor dertig martelende jare genoeg skade veroorsaak tot op die punt waar hy nou is. Sy verstand was nog in die donker plek waar Malachi hom heen verban het.

Wat Kane aanbetref, was dit die jaguars wat eerste bloed getrek het. Nou is hy terug om sy verbanning te wreek, op dieselfde vlak... aan 'n hele verdomde vormwisselaar ras, en hy gaan begin by Malachi se kinders. O, maar hy gaan nie daar ophou nie. Volgende is die kinders van die vormwisselaar wat hom blameer het Nathaniel Wilder.

Die skep van volgelingen om hom bloed te verskaf, was nie moeilik nie. Kane was nog steeds verwonderd oor die hele ondergrondse Goth scenario van die stad. Baie van hulle het net gedroom om te wees wat hy was ... 'n ware vampier in plaas van net 'n Goth volgeling.

Al wat hy moes doen was om een te verander, en dan die siellose onderling los om vir homself te sorg. Hy het die gevaarlikste een van die groep gekies ... die een wat gelyk het of hy alreeds sy siel vir die donkerte gegee het. Raven, 'n skurk wat grenslyn psigopaat was as mens... 'n Goth uitgeworpene, wat honger was vir bloed lank voor hy dit eers waarlik nodig gehad het.

Raven was die enigste persoon vir wie Kane ooit vertel het van die rugstekende vormwisselaars wat hom blameer het en hom toe lewendig begrawe het. Hy het nie geweet hoekom hy Raven vertel het nie.... miskien verveling.

Kane het die skurk losgelaat in die stad. Raven was kwaad vir die wêreld voor hy herbore is as kind van die nag en nou het Kane hom 'n uitlaatklep gegee vir daardie kwaad. Raven het besluit om Kane se wraak vir hom uit te oefen en die siellose vampier het sy nuwe vermoëns gebruik tot volle mag.

Hy het nie eers probeer om Raven te oorreed om dit nie te doen nie want dit het perfek ingepas by sy planne om die res van Malachi se familie op te stel vir die val. Hoekom sal hy die vormwisselaars beskerm teen Raven? Die meeste wat hy die seun gebied het was om hom te vertel dat hy nie nodig het om mense dood te maak om kos te kry nie, dat hy nie nodig het om enige skade aan te rig nie, veral as hy nie wil nie. Dit was nie sy skuld dat Raven gekies het om eerder dood te maak nie.

Die eerste keer wat Raven doodgemaak het was die enigste keer wat Kane ingetree het, nadat hy die seun gevang het waar hy die dooie laat lê het met die volle merk van die vampier waar mense dit kon sien. Om sy soort se geheim te beskerm, was ingeburger in hom vir sy eie selfbehoud en hy het vergeet om daardie geheim met Raven te deel. Kane het hom gewys

hoe om deur die bytmerke te sny sodat dit lyk soos 'n eenvoudige sadistiese moord.

Raven het daarvan gehou om sy slagoffers naby Maan Dans te los sodat die polisie dit kon vind. Dit was die perfekte oplossing. Meeste vampiere was van geaardheid boos en Kane het meeste van sy ondoolie lewe omring deur moordenaars deurgebring. Om hierdie seun te sien moor was net natuurlik vir sy soort.

Was Syn nog hier om hierdie moord reeks te aanskou, sou hy die wêreld uit sy ellende gehelp het deur Raven te vermoor of hom tot sy graf te bind. Noudat Kane so 'n straf beleef het, sou hy eerder 'n vinniger dood gekies het.

Voor sy verbanning, was hy vriende met een ander vampier ... Michael. Hulle was saam vir langer as wat enigeen van hulle kon onthou of wou onthou. Hulle is altwee bloedstene gegee omdat hulle hul siele behou het hulle en Michael se broer Damon.

Michael was 'n goeie man nog aan die kant van die engele soos hulle sê, al het hy deur die bostelegraaf gehoor dat Damon 'n donker kant ontwikkel het en op sy broer begin uithaal het. Miskien moet hy bietjie vir Damon gaan kuier nadat hy hier klaar gemaak het en hom bietjie maniere leer. Kane het gewonder oor die skielike broedertwis want Michael het sy broer lief gehad ... maar dinge het 'n manier om te verander.

Kane wou nie hê Michael moes weet van die boosheid wat die graf in hom nagelaat het nie. Hy het sommige van sy tyd spandeer die laaste paar weke om op Michael te spioeneer. Hy weet Michael en die oudste seun, Warren, was nou vriende ... netsoos hy en Malachi lank terug was.

Vormwisselaars was verraiers en Michael moet nog daardie feit uitvind. Deur die vormwisselaars uit die pad te kry, doen hy Michael eintlik een laaste guns vir die goeie oue dae.

Kane het sy hand opgelig en aan die oorbel wat die bloedsteen in het geraak, die een wat hom nog altyd gekeer het om mense te vermoor. As sy siel werklik boos was, sou die toorwerk in die bloedsteen nie gewerk het nie. Hy het gereeld gewonder hoe Malachi daardie eenvoudige feit kon ignoreer het... die bewys van sy onskuld was reg voor sy oe.

Maak nie saak nie ... Hy het dertig jaar in sy tronk spandeer vir iets wat hy nie gedoen het nie. "My wraak sal hel wees, my vriende."

“Telebemarker?” het Chad gevra en het probeer om sy glimlag weg te steek, terwyl sy suster die foon so hard op sy mikkie terug neersit dat dit van die muur af val. Dit het met ‘n slag op die grond geval.

Envy het die foon in die gang af geskop terwyl sy maak asof dit haar kêrel se kop is voor sy na haar broer gedraai het. “Is almal van julle honde, of is dit net die van wie ek hou?”

Chad het sy hande gemaak onskuldig gelig, “In my opinie, is meisies net so erg. Kalmeer nou en vertel jou ouboet wat gebeur het.”

Envy het haar voorkop teen die koue muur laat rus. Sy weier om eens een traan te wys. Sy het nie genoeg van Trevor gehou om oor hom te huil nie en sy was ernstig besig om al die ouens wat iets kort raak te sien. “Jason het nou net gebel om my uit te vra. Hy het gedink ek is enkellopend omdat hy nou net in Trevor vasgeloop het by ‘n dans klub. Hy was amper besig om ‘n ander meisie vas te druk net daar op die dans vloer.”

Chad het sy kop geskud. Hy voel geen jammerte vir Trevor wanneer sy suster haar hande op hom kry nie. “Hoe lyk dit met ‘n aand uit?” hy het ‘n wenkbrou gelig, wou hierdie nie vir die wêreld mis nie.

Envy het geglimlag en van die idee gehou, “Gee my tien minute om reg te maaak.”

Chad het geknik en op die punt van die bank gesit. Hy het die afstand beheer gedruk om die nuus te kyk al het hy nie regtig aandag gegee nie. Hy wou nie hê sy moes uitgaan met Trevor nie. Hy het geweet hy tree op soos ‘n Amerikaanse ryk kollege student om almal om die bos te lei maar dit beteken nie hy hou daarvan dat hy vir Envy gejok het oor wie hy regtig is nie. As Trevor met haar wil slaap, moet sy ten minste die ware man ken en weet met wie sy slaap.

Om ‘n verhouding met ‘n leuen te begin is nie goeie maniere nie. As jy wil lieg, moet jy in die eerste plek nie by iemand betrokke raak nie. Hy het Trevor die laaste keer wat hy hom gesien het by die stasie in ‘n hoek gedruk en die geheime agent aangesê om of vir Envy te vertel wie hy was of om heeltemal weg te bly van haar af. Dit was nie sy skuld Trevor het nie geluister na enigiemand anders as homself nie.

Dit hom kwaad gemaak om te dink dat Trevor dalk vir Envy gebruik terwyl hy geheime werk doen in die kroeg scenario. Met haar wat ‘n

kroegmeisie is vir baie klubs, gee dit Trevor 'n rede om haar in die geboue in te volg voor hulle oopmaak en dan te bly totdat hulle toemaak. Om daar te wees sonder die skares gee Trevor tyd om rond te soek en Envy weet van niks.

Chad het geweier om in die geheim te werk, selfs al het die Spesiale Taakmag span probeer om hom daarin te laat werk, vir 'n rukkie nou al. Die naaste wat hy sover daaraan gekom het, was om hulle gunsteling ou te bel wanneer dit tyd word om deure oop te skop en mense te arresteer. En dit was reg met hom. Hy wou eerder die gat van die slegte ou skop as om rond te sluip terwyl hy gesels en papiere deur kyk, net om vuilgoed op iemand te probeer kry.

Nou sal hulle vriend Jason, aan die ander kant, baie beter kêrel materiaal vir Envy wees. Sy was op skool saam met Jason en net daar lê die probleem. Jason was op skool verlief op haar en het by die huis rond gehang sodat Envy hom as broer aangesien het ... nie 'n man nie.

Jason het by die Angeles Nasionale Woud Bewaarders aangesluit direk na skool en het nog altyd dieselfde werk. Envy het nogsteeds daarvan gehou om met Jason uit te gaan. Sy het ook dan tyd gehad om haar beste vriendin Tabatha te sien aangesien Tabatha deel was van Jason se span bewaarders.

Chad het opgestaan van die sofa af en buite Envy se kamerdeur gaan staan. Hulle is nou al vir vier jaar woonstelmaats, vandat hul ouers gesterf het in 'n kar ongeluk en hulle het uitstekend oor die weg gekom. Hy was 'n poliesman en sy was 'n "op roep" kroegmeisie by verskeie klubs in die stad.

Die enigste rede hoekom hy nie wou hê sy moet 'n "regte" werk kry nie, was omdat sy meeste aande meer geld maak as hy. Dit het dinge selfs nog verbeter wanneer die huur betaal moet word, want Envy het dit gewoonlik betaal terwyl hy alles anders betaal.

"Watter klub?" het hy deur die deur gevra.

"Die nuwe een met die naam Maan Dans," Envy het van haar lang rooi hare opgelig in 'n poniestert en die res gelos om in lang lae oor haar rug te hang. "Ek kan net sowel aansoek doen as kroegmeisie terwyl ons daar is."

Chad het gefrons. "Dis die een aan die end van die dorp, reg?" Hy het teruggehoop na sy kamer sonder om vir haar antwoord te wag. Onlangs het dinge aan daardie end van die stad 'n bietjie gevaarlik geraak. Verdwynings was die mees prominentste gevaar en nogal 'n klompie dooie liggame is gevind binne 'n blok van daardie klub af.

Sover was daar niks wat hulle direk met Maan Dans kon verbind nie, behalwe dat die slagoffers wat gekies is almal na daardie klub gegaan het. Dit was net die tydberekening wat Chad en baie ander mense suspisies gevind het. Daar was die vraag of daar 'n reeks moordenaar in die kroeg uithang of nie. Verskeie van die nuutste slagoffers is laaste by die klub gesien. As polisieman kon hy nie die moontlikheid dat daar 'n konneksie is ignoreer nie.

Aangesien sy geweer en kenteken reeds in die kar was, het Chad sy klein skokker gegryp en dit in sy klein agtersakkie gedruk. Met al die slegte goed wat daar gebeur, wou hy hê Envy moet dit vat net ingeval iets verkeerd gaan terwyl hulle binne die klub is.

Toe hy uit sy kamer uit kom het hy in die gang afgekyk en in sy spore gaan staan toe hy sy suster sien. 'n Swart leer romp met kant wat onder by die middel van haar dy uitsteek het haar bene bedek tot by 'n swart kant en kort bloes. Daar was leer stukke net waar dit saak maak ... genoeg om haar borste weg te steek en haar maer magie en heupies te wys.

Sy het ook 'n paar swart leer stewels gedra wat net oor haar knieë kom met mooi kettingkies om die enkels. 'n Hangertjie wat haar ma haar jare terug gegee het, met 'n mooi ametis kwarts het om haar nek gehang. Meeste van haar rooi hare was vas gemaak in 'n hoë ponie stert terwyl sommige oor een skouer hang.

Haar grimering was smaakvol gedoen met 'n bietjie swart oog belyning en skadu en 'n donker lip kleur. Sy het gelyk soos 'n dominatrieks.

“Sjoe, uit vir bloed nè?” Chad het 'n wenkbrou gelig, en haar weer van bo tot onder bekyk. Hy het amper die aand gekanselleer en haar in die veiligheid van haar kamer laat sit vir haar eie veiligheid.

“Wel, ek het besluit,” en Envy het haar delikate wenkbrou gelig, “nadat ek vir Trevor laat les opsê het, gaan ek pret hê! Van nou af weier ek om net een ou te sien. Ek soek nie 'n ou nie ... ek soek BAIE van hulle! Sodoende wanneer een soos 'n skobbejak optree, maak dit nie saak nie want ek sal ander hê wat my gelukkiger sal maak om sy gat te skop.”

“Ja, ek onthou hoe goed dit gegaan het op hoërskool.” Chad het sy kop geskud met die wete dat sy suster baie meer onskuldig was as wat sy voorgee. “Ons vat my kar ingeval die stasie bel.”

“Net as ek met die blou ligte kan speel,” het Envy geglimlag, het geweet hy sou haar toelaat.

Chad het gesug en begin om na die kar te stap. “Ek sweer jy is soos die ergste kind in ‘n speelgoed winkel wat elke dier wat ‘n geluid kan maak gaan druk en so almal mal maak.”

“Wat?” het sy gelag. “Ek hou van blou ligte. Mense gee pad voor wanneer ek hulle aanskakel.”

“Soos die keer wat jy dit gedoen het toe ons koffie klaar was?” het hy gevra. “Jy weet dis ‘n mors van belastingbetalers se geld nè,”

“As jy nie stil bly nie, gaan ek bestuur. Dan sal jy moet byhou met die rooi ligte en die sirene,” het sy speels gesê, met ‘n knip van die oog.

Chad het onmiddellik stil gebly want die laaste keer dat dit gebeur het, was sy laat vir werk en hy was te siek om te ry so hy het in die passasier sitplek gesit, vas aan die slaap. Die baas terg hom nou nog daaroor.

Envy het die blou ligte afgeskakel omtrent ‘n blok van die nagklub af en het opgekyk na die kolligte wat gedans het oor die bewolkte nag. Sy het gekyk hoe die dubbel verdieping gebou in sig verskyn.

Sy het deesdae so baie gewerk dat sy nie kans gehad het om Maan Dans te besoek nie, maar haar klante het oor hierdie klub gedweep. Aan die buitekant was dit niks uitspattigs nie. Dit het gelyk soos ‘n baksteen pakhuis met baie min vensters en ‘n groot pers neon bord wat hoog aan die voorste muur hang.

Mense het in ‘n lang tou halfpad oor die groot parkeer area gestaan, geklee in hulle beste klub klere en het opgewonde met mekaar gepraat. Die feit dat daar steeds ‘n tou was na tien het haar laat weet dat om hier te werk dalk baie winsgewend sal wees.

“Jip, ek gaan definitief aansoek doen vir werk hier,” het sy geglimlag.

“Ten minste is die tou amper weg,” het Chad sarkasties gesê, want hy kon nie wag om Trevor te sien en ‘n goeie dosis van sy suster se adrenalien te sien nie.

Hy het parkeer op die donkerste plek van die parkeer terreinen haar arm gevat. “Hier,” hy het die klein skokker in haar hand gesit en sonder ‘n verdere woord sy deur oopgemaak en uitgeklim.

Envy het haar vingers om die toestel geklem en geglimlag. Haar broer het haar selfverdediging geleer tot op die punt waar sy dalk meeste

poliesmanne kon uithaal sonder om ‘n druppel te sweet. Maar Chad het altyd gesê, “Hoekom baklei as jy net ‘n knoppie hoef te druk?”

Sy het die skokker in die klein kant sakkie van die leer romp laat gly saam met haar ID. Sy sal Trevor se knoppies druk. Sy sal heel gelukkig die hysbak knoppie al die pad tot in die hel druk, net om hom op hierdie oomblik te sien. Niemand het Envy Sexton verneuk en weg gekom daarmee nie.

Hulle het langs mekaar na die tou gestap en Envy was veral gelukkig toe die tou so vinnig begin beweeg het dat dit net ‘n paar minute geneem het voor hulle binne was.

Die deurman was geklee in ‘n mooi Armani broek en bypassende baadjie. Die hemp daaronder was vorm pas en het sy mooi bors beklemtoon. Sy bruin hare het beide kante van sy gesig in golwe geval. ‘n Effense baard was teenwoordig op sy gesig en hy het priemende donker oë gehad wat amper gegloei het in die neon ligte.

Chad het betaal en hulle het hul ID’s gewys voor die man hul hande gestempel het en die rooi fluweel tou oopgeklik het om hulle binne te laat. Hulle het die hoof deure binne getree en die kort gang deur geloop na nog ‘n deur wat oop gegly het soos hulle nader kom. Beide van hulle het in hul spore vasgesteek toe hulle die hoof vertrek binne gaan, en net gestaar. Dit was amper soos om ‘n ander dimensie te betree.

Vir ‘n parkeer area so vol, sou mens dink die plek sou van hoek tot hoek vol mense wees, maar dit was nie. Envy se lippe het oopgegaan terwyl sy oor die vloer loop na die massiewe gat in die middel van die vertrek.

Nader aan die reëling, het sy afgekyk op die dans vloer daar onder. Aan beide kante was daar ‘n gang wat verby strek oor die hoof vloer met ‘n lang kroeg wat die hele lengte dek. Die kroeg self het gelyk soos sandgeblaasde glas met sagte neon beligting wat daardeur sweef.

Twee stalle trappe het afgeloop aan haar linker en regter kant en in die middel voor haar ontmoet voor dit afgaan na die dans vloer. Die dans vloer het gegloei met sagte lig, net genoeg om hulle voete in ‘n tipe swart lig te verlig. Dit het alles ingepas by die pandemonium wat geskep word deur die oorhoofse flitse en gekleurde kolligte wat oral beweeg het behalwe direk op die dansers.

Dit manier wat dit opgestel is, kon mens die dansers sien van die knieë af onder toe maar anders as dit, was hul liggame in skadu.

Envy het oor die reëling geleun en gekyk of sy enige kroeë sien op die laer vloer maar daar was niks anders as die dans vloer nie. Dit het haar soort van aan 'n put laat dink. Wanneer jy eers afgegaan het met die trappe, was jy oorgegee aan die genade van die donkerte wat die dansers se privaatheid beskerm het.

Twee stelle trappe het afgeloop aan haar linker en regter kant en in die middel voor haar ontmoet voor dit afgaan na die dans vloer. Die dans vloer het gegloei met sagte lig, net genoeg om hulle voete in 'n tipe swart lig te verlig. Dit het alles ingepas by die pandemonium wat geskep word deur die oorhoofse flitse en gekleurde kolligte wat oral beweeg het behalwe direk op die dansers.

Dit manier wat dit opgestel is, kon mens die dansers sien van die knieë af onder toe maar anders as dit, was hul liggame in skadu.

Envy het oor die reëling geleun en gekyk of sy enige kroeë sien op die laer vloer maar daar was niks anders as die dans vloer nie. Dit het haar soort van aan 'n put laat dink. Wanneer jy eers afgegaan het met die trappe, was jy oorgegee aan die genade van die donkerte wat die dansers se privaatheid beskerm het.

“Dis drie verdiepings?” het sy gevra en opgekyk na die soliede plafon bo hulle. As mens die kelder by tel, sal dit die derde vloer wees en sy wonder of dit ook deel is van die klub en of dit buite perke is.

Toejuiging en uitroep het haar weer laat afkyk na die dans vloer. Sy het ongelowig gestaar toe die ys-blou kollig die hok in die middel van die put tref. Sy was onmiddellik geboei deur die man agter die tralies.

Chad se oë het ook op die hok gefokus. Dit het gelyk soos 'n klein tronk sel. Binne was 'n man en vrou wat mekaar omsirkel. Selfs van hierdie afstand kon hy die hitte van hul bewegings aanvoel. Sy kneukels het wit geraak soos hy geboeid die reëling vashou terwyl die ou in die hok sy dansmaat teen die tralies vasdruk net sodat sy onder sy arm kan deur glip terwyl hy probeer om haar teen die tralies vas te druk.

Terwyl hy omdraai het die man haar gewrig gegryp en haar vinnig teruggebring teen hom voordat hy haar hande op die tralies voor haar geplaas het. Hy het haar gedwing om die tralies vas te gryp terwyl hy homself teen haar amper kaal lyf gevryf het totdat haar kop agteroor geval het teen sy bors asof sy dit geniet.

Dit was dierlik, amper soos 'n tipe primitiewe paring dans. Chad en Envy was totaal geboei. Die toneel het elkeen van hulle op 'n ander manier geaffekteer.

Chad het hulle vir nog 'n paar minute dop gehou terwyl die twee uitmekaar spring net sodat die man haar in 'n ander posisie vastrap. Die hitte van hul bewegings het sy denim baie styf laat span terwyl die man se heupe opwaarts druk teen die vrou se boude. Terwyl hy sy oë weg beweeg, met frustrasie, het Chad homself forseer om te kyk na die dekorasies teen die boonste mure wat hy kon sien uit hierdie oogpunt.

Dit was meesal flitsende ligte met swart ligte op groot portret styl skilderye wat slanke lywe van jaguars vertoon, sommiges wat baklei en ander alleen looper roofdiere op jag. Die dodelike diere het gelyk of hulle 'n lewe van hul eie het. Die stil skilderye het amper saam met die ligte beweeg wat die indruk skep dat die diere almal lewe en kyk.

Hy moet erken die tema was uniek maar het gewerk. Sy oë het die beweging van die ligte gevoel en hy het die kettings wat tussen die prente hang gesien, sommiges met gepunte halsbande en swart leer swepe.

Hy het weer afgeloer na die hok en was op pad om Jason te gaan soek toe hy Trevor op die dansvloer sien naby een van die kolligte. Die idioot was gekerker tussen twee meisies en het gelyk asof hy die tyd van sy lewe het. Chad het vinnig na Envy geloer en geweet hy hoef nie 'n woord te sê nie want sy het reguit na die trio gestaar.

Envy het haar kop gekantel terwyl sy Trevor bestudeer asof sy hom nie ken nie. Dit het haar laat wonder hoekom sy ooit uitgegaan het met hom om mee te begin.

Sy moet erken hy was nogal sag op die oog. Baie aantreklik sal die beter frase wees. Hy het soort van gelyk soos 'n Kaliforniese branderplankryer ou met sy weg vlieg blonde hare, goue sonbrand en gryserige oë. Hy was baie aanloklik en groot pret.

Maar as jy verby sy aantreklikheid kyk, was daar nie veel wat 'n meisie sal aantrek nie. Al wat oor was, was 'n verwende kollege brakkie wat gebore is met 'n silwer lepel in die mond. Wanneer hy naby is, was hy baie aandagtig, maar dan sou hy ook van die radar af verdwyn vir dae op 'n slag.

Die enigste ander goeie ding waaraan sy kon dink om te sê oor hom was dat hy nogal warm in die bed was en hy het haar van die beste oomblikke in haar lewe besorg.

Om te dink, sy het regtig geglo dat hy van haar hou ... meer as van haar hou. Dit wys nou net wat de hel sy van mans weet. Om die waarheid te sê, sy was moeg om alleen te wees... maar dan weer, dis geen rede om 'n ou te begin sien nie.

Sy het verlangend gesug terwyl sy kyk hoe hy die agterend van die meisie wat teen hom vas gepleister is, vasvat, terwyl sy besef sy voel geen jaloesie nie. As sy regtig verlief was op hom, sou sy mos nou heeltemal vies vir hom gewees het in plaas van net seer gemaak? Wat haar die meeste gepla het was dat hy vir haar gelieg het dat hy net vir haar wou hê.

Jason het uitgekyk vir Envy vanuit sy kroeg stoel naaste aan die deur. Hy het geweet sy sou kom en was nie verras om Chad by haar te sien nie. Nadat hy hulle 'n paar minute gegee het om rond te kyk, het hy tevrede gegrinnik toe hy die spanning in Envy se skouers oplet en het geweet sy het haar kêrel gesien op die dansvloer.

Hy het sy jaloesie probeer wegsteek vir die laaste paar maande en hy wou haar nie seer maak nie, maar as dit gehelp het om haar weg van Trevor af te kry, dan was dit vir haar eie beswil.

Met 'n glimlag het hy terug gedraai na Kat, die mooi kroegmeisie met wie hy gepraat het, "Het jou gesê hulle sal kom." Hy het geknik in die rigting van Envy en Chad.

Hy is nou al hier vir meer as 'n uur, maar nadat hy gesien het Trevor verneuk Envy, was hy nie in die bui om by die skare aan te sluit nie. Hy het verveeld geraak en begin om met Kat te praat om tyd om te kry. Hy het haar selfs vertel van Envy se kêrel wat haar verneuk.

"So dis jou beste vriend en sy suster?" Kat het die paar beloer maar haar hoof belangstelling was die poliesman. As Jason haar nie vertel het dat Chad 'n poliesman was nie, sou sy dit nooit geweet het nie. Hy was super warm, soos die hel.

Omtrent ses-voet-een met songebrande vel en bruin hare met goue strepies. Dit was 'n bietjie langer as die normale poliesman se haarstyl en het gelyk asof die wind die meeste daarvan rondgewaai het, wat hom 'n effense wilde voorkoms gegee het. Sy het agtergekom sy vergelyk hom met Quinn, en toe besef sy het dit al weer gedoen. Sy het teruggekyk na Jason met die wete dat hulle al twee nodig het om oor ou vryers te kom of die risiko neem om konstant teleurgestel te word.

“Hy lyk nie soos ‘n poliesman nie,” het Kat gesê terwyl sy na Chad loer en wonder of hy iemand sien. Jason het niks hieroor gesê nie.

“Ja, wel,” het Jason het amper sy mond getuit toe hy sien hoe sy na Chad kyk. Hy het sy kop geskud, “Ek is terug oor ‘n paar minute.”

Met die laaste slukke van sy koeldrank, het hy van sy stoel afgeglip en na sy vriende gestap. Terwyl hy die afstand tussen hulle laat verdwyn, het hy sy hand op Envy se skouer laat sak. Hy het sy lippe naby haar oorskulp laat sak en gefluister, “Wil jy dans?”

Envy het geglimlag sonder om om te draai. “O, hel ja!” het sy geroep en het vinnig met die naaste trappe af beweeg terwyl sy Jason net daar langs Chad los met sy hand nog op ‘n verbeelde skouer. Hy het sy oë geknip toe hy hoor Chad lag.

“Dammit,” Jason het gesug terwyl hy haar die trappe sien afvlieg.

Chad het Jason se skouer geklop om sy jammerte te wys en hom terug na die kroeg gelei en daarteen geleun, “Moenie dat dit jou pla nie. Ek dink Envy kan net aan een ding dink op die oomblik en dit behels wraak.”

Hy het na die meisie agter die kroeg geloer en, vir ‘n oomblik, vergeet dat Jason daar was. Sy was pragtig met haar brons sonbrand en baie lang donker hare wat oor haar skouer spiraal al die pad tot by haar heupe. Haar oë was net die teenoorgestelde, lig blou met ‘n baie dik swart ring rondom die ligter kleur.

Dit was haar vol lippe wat hom getref het toe hy sê, “Net ‘n soda asseblief.”

“Drink hy nie vanaand nie?” het Jason gevra en het probeer om nie na sy vriend te gluur toe Chad se oë op Kat gebly het terwyl hy antwoord nie. Hoekom het alle meisies van poliesmanne gehou?

“Nee, ek het gevoel dat ek nodig het om sober te bly. Ek hou nie regtig van Trevor nie so ek het Envy my skokker gegee om mee te speel.” Chad het sy oë van die meisie weggeskeur, lank genoeg om ‘n grinnik na Jason te gooi. “En ek het die polieskar gebring.” Hy het geweet Jason sal tussen die lyne lees.

Jason het skielik weg gespring van die kroegstoel en sy vriend vergewe dat hy onweerstaanbaar is. “O hel, dan is daar geen manier wat dat ek hierdie storie mis nie!” Hy het vinnig beweeg na die reling terwyl Chad se lag hom gevolg het.

“Wel, daar is twee mense wat ek vanaand gelukkig gemaak het,” het Chad sy oog na Kat geknip met die wete dat sy geluister het na hul gesprek en toe vir sy drankie betaal. Hy beter gaan kyk wat Envy doen.

Kat het geknik toe Chad haar ‘n twintig gee en haar vertel om die kleingeld te hou voor hy weg is na Jason toe. Daardie twee ouens kan gevaarlik wees vir ‘n meisie se hormone. Jason het lang ligte bruin hare en die gesig en lyf van ‘n Bay Watch model.

Sy het gesien meeste meisies probeer om sy aandag te trek wanneer hulle by hom verby loop. Jason lyk nie of hy enigeen van hulle raaksien nie en lyk of hy verlore is in sy gedagtes... totdat hy haar begin vertel het van sy beste vriende, Chad en die meisie waaroor hulle altwee so beskermend optree.

Sy het verlang daarna, iemand anders as haar broers om beskermend teenoor haar te wees. Sy het stadig haar oë geknip en stadig die beeld van Quinn uit haar kop forseer en gefokus op die probleem voor haar.

Dit was die skokker kommentaar wat haar gehelp het om Quinn te vergeet. Kat het besluit om haar broers van die nuwe vermaak wat op die punt is om te gebeur te waarsku. Hulle het genoeg moeilikheid in die laaste tyd met die string moorde rondom die klub. Die laaste ding wat hulle nodig het is nog slegte publisiteit.

Chad het oor die reling geleun terwyl hy na Envy soek. Dankie tog die hok dansers was nog daar in die kollig wat dit makliker gemaak het om haar te vind. Hy het ‘n kreun vanaf Jason gehoor en sy siglyn gevolg totdat hy haar sien dans het in die middel van ‘n klompie ouens, naby die glans van die hok se kollig. Hy het gefrons, direk na haar gestaar en gewonder waarmee sy besig is.

“Ten minste kyk sy na Trevor. Terloops, dankie vir die oproep,” het hy met ‘n ernstige stem gesê. “Ek het gewag vir so iets om te gebeur.”

Jason het sy skouers gelig, “Dit was nie vir myself nie. Dit was vir haar. Sy verdien beter as hy.” Hy het probeer glimlag, terwyl hy kyk, met die wete dat sy nou enkellopend is. Maar die blik van al die ander ouens wat haar aandag probeer trek het veroorsaak dat sy glimlag eerder hartseer lyk.

You've Just Finished your Free Sample

Enjoyed the preview?

Buy: <http://www.ebooks2go.com>